


Mev Angie Motshekga,
Minister van Basiese
Onderwys



Mnr Enver Surty,
Adjunkminister van
Basiese Onderwys

*Hierdie Werkboek vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT) is die jongste toevoeging aan die Departement van Basiese Onderwys se reeks Reënboog-Werkboeke. Die EAT-boeke is 'n belangrike verryking van die reeks en steun die Departement se beleid ten opsigte van additiewe tweetaligheid.*

*Kinders begin hul addisionele taal, Afrikaans, in Graad 4 as hul taal van onderrig en leer (TvOL) gebruik. Die oorskakeling van leer in hul huistaal na leer in 'n tweede taal beteken dat kinders teen die einde van Graad 3 'n hoë vlak van bevoegdheid in Afrikaans moet bereik ten einde Afrikaans in Graad 4 goed te kan lees en skryf. Die Reënboog-Werkboeke, wat vir Graad 1 tot Graad 6 in die 11 amptelike tale verskyn het, help leerders om 'n sterk geletterdheidsgrondslag neer te lê waarop hulle kan voortbou wanneer hulle 'n addisionele taal aanleer.*

*Die nuwe EAT-Werkboeke begin in Graad 1 met die lê van 'n stewige mondelinge grondslag, om leerders in staat te stel om Afrikaans in Graad 1 en 3 en later te lees en te skryf.*

*Die skoolkurrikulum stel egter spesifieke taaleise, en verg dat leerders 'n spesiale taalstyl vir leerdoeleindes moet gebruik, dit wil sê wanneer hulle skooltekste lees, akademiese tekste skryf, na onderwysers luister en aantekeninge maak, groepwerk doen, kaarte en grafieke gebruik, eksamen skryf, en so meer. Ons het hier probeer om die leerder se begrip en gebruik van akademiese taal (hul kognitiewe akademiese taalbevoegdheid) te ontwikkel, sodat hulle die gespesialiseerde taal sal kan gebruik wat hulle nodig sal hê wanneer hulle hul ander vakke deur middel van Afrikaans leer.*

*Ons het baie metodes en tegnieke ingebou om leerders te help om die vaardighede aan te leer wat hulle in die grondslag en intermediêre fase nodig sal kry. Ons hoop dat onderwysers dit as 'n vertrekpunt vir innovering in hul onderrig van Afrikaans sal gebruik. Ons hoop ook dat die kinders dit net soveel sal geniet om hierdie Werkboeke deur te werk as wat ons dit geniet het om hulle saam te stel.*

*Ons wens u alles van die beste in die ontwikkeling van u leerders se taalvaardighede toe, met die hoop dat die leerders Afrikaans goed genoeg onder die knie sal kry om dit by die leer van hul ander vakke te gebruik.*

Rainbow WORKBOOKS


**FIRST ADDITIONAL LANGUAGE - AFRIKAANS**
**GRADE 3 – TERM 1 - 2**

ISBN 978-1-4315-0685-9


**THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.**

*Werkboeke beskikbaar in die hierdie reeks:*

- *Geletterdheid / Huistaal Graad 1-6 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 4-9 (In Engels en Afrikaans)*
- *Lewensvaardighede Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 1-3 (In Engels, Afrikaans, Sepedi en isiZulu)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 4-6 (In Engels en Afrikaans)*



PLAKKERBOEK
Plak die plakkers op die regte plekke.






# Graad 3

# AFRIKAANS

## Eerste Addisionele Taal

### Boek 1

### Kwartaal 1-2





Naam: | Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AFRIKAANS



# AFRIKAANS
## First Additional Language

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Second edition published in 2012

ISBN 978-1-4315-0685-9

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.



Graad 3

# Eerste Addisionele Taal

# AFRIKAANS

Kwartaal 1 & 2



Hierdie boek behoort aan:

# BY DIE SKOOL

## 1 Dis lekker om terug te wees

Kwartaal 1 – Week 1

Ons praat

Kyk na hierdie prentjies en gesels daaroor. Kyk na die spraakborrels en sê wat elke kind dink.



Ons lees

Lees die storie en beantwoord die vrae.

Onderwyser: Hallo, kinders. Is julle bly om weer by die skool te wees?

Hanno: Hallo, Juffrou. Ek is so bly om weer my maats te sien.

Emma: Hallo, Juffrou. Ek is bly ek is in graad 3. Ek is amper 8.

Onderwyser: Kom ons praat oor wat julle in die vakansie gedoen het.

Jabu: Ek het dieretuin toe gegaan.

Hanno: Ek het see toe gegaan.

Emma: Ek het tuisgebly by my ma en pa en my hond.

Nomsa: Ek het na my ouma se plaas toe gegaan.

Onderwyser: Noudat ons almal terug is, hoop ek julle gaan almal baie hard werk.

**Ons praat** Kyk na die prentjie op die oorkantse bladsy. Lees die vrae en praat met jou maat oor die antwoorde. Skryf dan die regte antwoorde neer.



| | |
|---|---|
| Hoeveel seuns is daar in die prentjie? | |
| Hoeveel meisies? | |
| Watter kleur is die juffrou se bloes? | |
| Wie dra bril? | |
| Wie dink aan die strand? | |
| Wie dink aan die dieretuin? | |
| Wie dink aan die plaas? | |
| Wat dink jy is daar in die boks op die boekrak? | |

**Ons skryf** Maak 'n lys van plekke waarheen die kinders in die vakansie gegaan het.



| Naam | Plek |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |


**WOORDBOKS**

vir
vind
vier
van

**Woordboks** Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.



| | | |
|---|---|---|
| kat | ent | sing |
| appel | tent | vink |
| mat | bed | ink |



**Ons skryf**
Skryf 5 sinne oor die prentjie op die oorkantse bladsy.

# 2 Wat ons in die vakansie gedoen het




**Luister en herhaal**

Ek het strand toe gegaan.

Ek het tuisgebly.

Ek het by my ouma gaan kuier.

Ek het dieretuin toe gegaan.

Ek het met my hond gespeel.


Ek het perdgery op die plaas.

**Ons praat**

Teken 'n prentjie van dit wat jy in die vakansie gedoen het. Wys jou prentjie vir jou maat en vertel vir hom of haar waar jy was en wat jy gedoen het.







**Ons skryf**

Skryf vyf sinne oor wat jy in die vakansie gedoen het.

## Ons skryf

Lees die woorde hardop. Kies die woorde in die teenwoordige tyd wat by die woorde in die verlede tyd pas.

het geskop | skop | was | speel | eet | het gesing | het besoek | sing

het gehuppel | het gehardloop | het gewas | geniet | het gestap | druk | huppel | spring

het gespring | hardloop | het gespeel | het geëet | het geniet | stap | besoek | het gedruk

## Ons skryf

Vul hierdie kaart in wat oor jou handel.

My foto

Naam: ______________________

Van: ______________________

Ouderdom: ______________________

Seun of meisie: ______________________

Graad: ______________________

Skool: ______________________

Naam van jou onderwyser: ______________________

Naam van jou skoolhoof: ______________________

Name van jou beste maats: ______________________

Gunstelingsport: ______________________

Gunstelingkleur: ______________________

## Vir die pret

Trek 'n streep om te wys watter plek elke kind in die vakansie besoek het. .


Plak die plakkers in die korrekte spasies.



# 3 Wat ons op die plaas gedoen het

**Ons praat** Kyk na hierdie prentjie en gesels daaroor.
Kleur die trekker groen in. Kleur die dak van die skuur rooi in.






**Ons lees** Lees die storie en onderstreep daarna al die werkwoorde wat die verlede tyd aandui.



In die vakansie het Nomsa by haar ouma gaan kuier.

Haar ouma woon op 'n plaas.

Elke oggend nadat Nomsa wakker geword het, het sy die koeie gemelk.

Haar ouma het botter van die melk gemaak.



Sy het daarvan gehou om trekker te ry.

Nomsa het die henne se eiers en die bye se heuning geëet.



Saans het sy groente uit die tuin geëet en daarna van die koeie se melk gedrink.

## Ons skryf

| Kyk na die prentjie en sê of hierdie stellings waar is. | | | As die stelling onwaar is, moet jy die korrekte antwoord hier skryf. |
|---|---|---|---|
| Daar is drie mense op die plaas. | Waar | Onwaar | |
| Die trekker is blou. | Waar | Onwaar | |
| Die koei is bruin. | Waar | Onwaar | |
| Nomsa melk die koei. | Waar | Onwaar | |
| Daar is 4 varke. | Waar | Onwaar | |
| Daar is 3 eende. | Waar | Onwaar | |
| Daar is 6 hoenders. | Waar | Onwaar | |
| Nomsa se ouma spit. | Waar | Onwaar | |
| Hanno gooi die plante nat. | Waar | Onwaar | |

## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| sjoe | sjor | hop | kers |
| sjef | sjuut | sokkie | vers |
| sjokolade | sjerrie | boks | pers |

**WOORDBOKS**

fees

feetjie


fiks

gooi

## Vir die pret


Sê vir jou maat wat jy in hierdie prentjie sien.

## Die hoender en die eier





Hierdie soort aktiwiteit, waar die einde ook die begin van 'n nuwe ronde is, word 'n siklus genoem. .

# 4 Plaaslewe




Ons skryf

Teken die plaasdier waarvan jy die meeste hou. Skryf langsaan wat die verskillende dele van die dier is. Gebruik die spasies aan weerskante van die prentjie om die byskrifte te skryf. Verduidelik vir jou maat wat jy geteken het wanneer jy klaar is.



bene

oë



Ons doen


Plak plakkers in die spasies. Trek dan 'n streep om te wys waar ons hierdie kossoorte vandaan kry.




| heuning | eiers | pap | melk | botter |
| --- | --- | --- | --- | --- |














Luister en herhaal








Ons kry eiers van die hen.

Ons kry melk van die koei.

Ons kry mieliemeel van mielies.

Ons kry olie van sonneblomme.

Ons kry heuning van bye.

Ons maak botter van melk.



**Ons doen**

Soek die prentjies op die plakkerbladsy wat by elke sin pas. Vertel dan vir jou maat wat Jabu in elke prentjie doen.

Plak die plakkers in die regte spasies. .

1 Eerstens sit ek die sade in die grond om te groei.

2 Ek gee die plant elke dag water.


3 As die plant groot is, eet ek lekker mielies vir aandete.

4 Ek sien hoe dit daagliks groei.



**Ons doen**

Trek 'n streep van die woorde na die regte deel van die plant.



mielies

blare

wortels

stingel





# 5 Ons gaan dieretuin toe



**Ons praat** Kyk na hierdie prentjie en gesels daaroor.





**Ons lees** Lees die storie en onderstreep daarna al die byvoeglike naamwoorde wat vir ons sê hoe dinge lyk.

## ONS GAAN ALMAL DIERETUIN TOE

Vandag is Saterdag. Die kinders is baie bly omdat hulle dieretuin toe gaan. Hulle ry in 'n groot geel bus. Wat gaan ons sien? Ons gaan 'n groot olifant met 'n lang slurp sien. Ons gaan 'n lang kameelperd met 'n lang nek en 'n klein apie met 'n gekrulde stert sien.






Ons skryf

Lees die storie om antwoorde op hierdie vrae te kry. Skryf jou antwoorde in die tabel neer.






| | |
|---|---|
| Waarom was die kinders bly? | |
| Omdat hulle | |
| Waarheen het die kinders gegaan? | |
| Hulle het | |
| Hoe het hulle by die dieretuin gekom? | |
| Hulle het met 'n | |
| Wanneer het hulle dieretuin toe gegaan? | |
| Wie wil 'n luiperd sien? | |
| Watter dier het strepe? | |
| Hoe laat maak die dieretuin oop? | |
| Watter dier het kolle? | |







Ons skryf

Skryf nou jou eie vrae wat begin met wie, wanneer, waarom, wat en waar.

| |
|---|
| Wie het dieretuin toe gegaan? |
| Wanneer |
| Waarom |
| Wat |
| Waar |


**WOORDBOKS**

gaan

gee

gryp

gooi



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.



| | |
|---|---|
| swaai | swem |
| swaar | sweef |
| sweet | swik |

| | |
|---|---|
| tjank | tjirp |
| tjoepstil | tjom |
| tjoekie | tjalie |






# 6 Oor diere



Ons skryf

Plak jou plakkers onder die korrekte opskrifte.



| Wilde diere | Plaasdiere | Huisdiere/troeteldiere |
| --- | --- | --- |
|   |   |   |


Ons praat — Vra vir jou maat hierdie vrae. Vul daarna die regte antwoorde in. — Ons skryf

| | |
|---|---|
| Watter dier het strepe? | |
| Watter dier het lang ore? | |
| Watter dier het 'n slurp? | |
| Watter dier het 'n horing op sy neus? | |
| Watter dier het lang hare om sy kop? | |

Ons skryf

Lees nou hierdie beskrywings van diere vir jou maat voor. Vra jou maat om te raai watter dier jy beskryf. Vul die regte antwoord in.


Ek is groot en grys. Ek is baie swaar. Ek het skerp slagtande en 'n lang slurp. Wat is ek?



Ek het kolle en ek kan vinniger as enige ander dier hardloop. Wat is ek?



Ek is klein en het 'n lang, kronkelrige stert. Ek hou daarvan om te klim en te spring. Wat is ek?



Ek het twee horings. Ek woon op 'n plaas. Jy kry melk van my. Wat is ek?



Ons skryf

Maak 'n plakkaat om vir mense van die dieretuin te vertel. Teken 'n prentjie wat mense nuuskierig sal maak om die plakkaat te lees.



________________________ Dieretuin

Maak oop: ____________

Sluit: ____________


Wat jy sal sien:

____________

____________

____________

Koste: ____________



# 7 Dis sportdag

Ons praat


Kyk na die prentjie en noem op watter sportsoorte jy raaksien.
Van watter sport hou jy?
Watter sportsoorte is daar by jou skool?







## Ons lees

Vandag is 'n warm en sonnige dag. Ons is almal bly, want dit is sportdag. Die kinders van die Laerskool Wilgeheuwel kom in busse om by ons skool deel te neem. Ons wen die sokker. Kyk na die telbord. Emma en Nomsa help met noodhulp. Hulle moet kinders help wat seerkry. Hanno het sy hand gesny. Hulle het hom gehelp. Karel het sy voet seergemaak. Hulle het 'n pleister opgeplak. Die kinders het baie pret. Hulle sing, hardloop, wen en eet baie heerlike roomys.



**WOORDBOKS**

gaan
goed
gou
groen



## Ons doen

Voltooi die sportdagplakkaat en teken 'n prentjie sodat mense daarna sal kyk.

______________ LAERSKOOL SE SPORTDAG

Begin: ______________

Eindig: ______________

Datum: ______________

Sportsoorte wat julle sal sien:

______________

______________

Wat julle kan eet: ______________

______________

Wat julle moet saambring:

______________

# 8 Die sport waaraan ons deelneem



Ons skryf

Lees die storie op die vorige bladsy en kyk na die prentjie.
Beantwoord daarna hierdie vrae.

| |
|---|
| Aan watter sportsoorte neem hulle op sportdag deel? |
| |
| Wat is die sokkertelling? |
| Laerskool Wilgeheuwel ____________ en Laerskool Swartberg ____________. |
| Wie sal help as die kinders seerkry? |
| |

Ons skryf

Verbeel jou jy is die kind wat net voor die wenstreep geval het. Vertel vir jou maat wat gebeur het. Skryf daarna in jou dagboek om te vertel hoe jy gevoel het.

Liewe Dagboek Datum:



## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek neer.


| | | | |
|---|---|---|---|
| gehardloop | gesing | gegroet | gespring |
| gewen | gedans | geslaap | gekyk |






## Ons skryf

Skryf vyf sinne oor sportdag.





## Ons doen


Kies die woorde in die boonste ry wat die teenoorgestelde van die woorde in die onderste ry is. Gebruik 'n liniaal om die strepe te trek.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ongelukkig | reënerig | stil | verloor | warm |
| koud | raserig | gelukkig | sonnig | wen |

## Ons skryf

Kies drie pare teenoorgesteldes en gebruik dit om ses sinne te skryf.


# 9 Dinge wat ek graag doen



Ons praat

Gesels met jou maat oor dinge wat jy graag in jou vrye tyd doen. Hou jy daarvan om aan sport deel te neem of lees jy graag? Vul die verskillende dinge waarvan jy hou in die ruimte op die geheuekaart in.











**WAT DOEN EK IN MY VRYE TYD**

Eerstens hou ek daarvan om . . .

Tweedens hou ek daarvan om . . .

Derdens hou ek daarvan om . . .

In die somer hou ek daarvan om . . .

As dit reën, hou ek daarvan om . . .

Soms hou ek daarvan om . . .

Ek hou die minste daarvan om . . .









**WOORDBOKS**


groei
het gegroei
sal groei
groeiende




Ons skryf


Gebruik die idees in jou geheuekaart om 'n paragraaf te skryf oor die dinge wat jy graag in jou vrye tyd doen. Wanneer jy daarmee klaar is, kan jy jou paragraaf vir jou maat lees.







| Wat ek graag in my vrye tyd doen. |
| --- |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |







Ons doen

Maak 'n plakkaat om kinders uit te nooi. Teken 'n prentjie om te wys watter sport dit is. Watter sport is dit? Waar kan hulle dit doen? Wanneer kan hulle dit doen? Wat het hulle nodig om hierdie sport te beoefen? As jou stokperdjie nie 'n sportsoort is nie, kan jy 'n plakkaat maak om te wys wat dit is.










# 10 Ons kyk net

**Ons skryf**

Hoeveel is daar? Omkring die korrekte woord.










kat katte | tand tande | seun seuns | voet voete

**Ons skryf**

Doen hierdie woordsomme.



| | |
|---|---|
| ri + ng = | |
| swa + rt = | |
| tok + kel = | |
| kr + ap = | |
| sk + ip = | |
| pla + nk = | |








| | |
|---|---|
| br + uin = | |
| bri + ng = | |
| kl + ap = | |
| sk + op = | |
| tj + ips = | |
| wa + nt = | |





**Ons skryf**

Voeg leestekens in hierdie sinne in deur die volgende te gebruik: . , ! ?
Moenie die hoofletters vergeet nie.



pieter en karen het in julie see toe gegaan

het jy met vakansie gegaan

ek het winkel toe gegaan en lekkers appels en koeldrank gekoop


stop die robot is rooi





**Ons doen**

Kyk na die grafiek. Dit wys verskillende sportsoorte waaraan die kinders by die Laerskool Wilgeheuwel deelneem.





Van watter sport hou die kinders die meeste?

Van watter sport hou hulle die minste?

Watter sport geniet die kinders net soveel as hardloop?

| Nommer die sportsoorte in alfabetiese volgorde. Begin by 1. | |
|---|---|
| Sokker | |
| Netbal | |
| Swem | |
| Rugby | |
| Hardloop | |





**Ons skryf**

Kombineer hierdie klanke om woorde te vorm. .

s / r / kr → ing


sui / lek / be → ker


t / st / koev → ert

ho / ha / ra → nd

# FAMILIE EN VRIENDE

## 11 'n Groot gesin



Dit is die Maloi-gesin hierdie. Hulle het 'n huis met 'n swembad.

Mnr. Maloi is 36. Hy werk in 'n meubelfabriek op die dorp.

Mev. Maloi is 35. Sy is 'n verpleegster by die hospitaal.

Hulle het drie kinders en 'n hond en vis as troeteldiere.

Thabo is 3. Hy gaan elke dag na Bambolini, 'n kleuterskool.

Dit is in die straat waarin hulle woon.

Mandu is 8. Sy is in Graad 1 by die Laerskool Swartberg.

Susan is haar beste maat.

Mandu het 'n ouer broer. Sy naam is Pieter. Hy is 13. Hy is in Graad 7.

Hy hou visse aan.

Pieter het twee beste maats, Dirk en Johan. Hulle hou daarvan om in die swembad te swem.

**Ons skryf** Lees die storie en beantwoord dan die volgende vrae.

| | |
|---|---|
| Wie is drie jaar oud? | |
| Wie is 35 jaar oud? | |
| Waar werk mev. Maloi? | |
| Wie is 'n leerling by die Laerskool Swartberg? | |
| Wie is die oudste kind? | |
| Na watter skool gaan Thabo? | |
| Wie is Pieter se beste maats? | |
| Watter troeteldiere het Pieter? | |

**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke. Luister hoe die ie-woorde in die blou kolomme anders klink as die woorde in die groen kolomme. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | |
|---|---|
| drie | bier |
| geniet | skiet |
| klavier | rivier |

| | |
|---|---|
| skuur | vuur |
| duur | muur |
| suur | huur |

3

**WOORDBOKS**

hy
help
haar
hier

**Ons doen** Trek strepe om die woorde in die boonste ry by hul teenoorgesteldes in die onderste ry te laat pas.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| groot | vet | mooi | lank | hoog |
| maer | lelik | klein | laag | kort |

**Ons skryf** Skryf hierdie sinne oor en begin met Gister. Gebruik hierdie woorde om jou te help.

gery gesien gekyk


| |
|---|
| Anita ry op Jabu se fiets. |
| Gister het Anita |
| Hy sien sy onderwyser se motor. |
| Gister het hy |
| Sy kyk na haar suster se rok. |
| Gister het sy |

# 12 My eie gesin



## Ons doen

Teken 'n prentjie van jou eie gesin. Skryf die naam en ouderdom van elke persoon in jou tekening neer. Wys die prentjie vir jou maat en vertel vir hom of haar wie elke persoon is.




## Ons praat

Wys na die mense in jou tekening en sê:

Dit is my suster.

Dit is my broer.

Dit is my ...



## Ons skryf

Vul nou die tabel in. Skryf die naam van elke persoon in jou prentjie in die eerste kolom. Sê in die tweede kolom hoe jy aan hierdie persoon verwant is. Vul die ouderdom van die persoon in die laaste kolom in.

| Naam van persoon | Wie is hy/sy? | Hoe oud is hy/sy? |
|---|---|---|
| Anita | suster | 7 |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |




**Ons skryf** Vertel jou maat van jou gesinslede en beantwoord daarna die vrae.

| | |
|---|---|
| Hoeveel mense is daar in jou gesin? | Daar is |
| Hoeveel seuns? | |
| Hoeveel meisies? | |
| Wie is die oudste in jou gesin? | |
| Wie is die jongste? | |
| Hou jou gesin troeteldiere aan? | |

**Ons skryf**

Skryf volsinne om te sê wat in elke prentjie gebeur.



1 eet | 2 speel | 3 lees | 4 hardloop | 5 swem

| | |
|---|---|
| 1. | Hulle eet 'n mielie |
| 2. | |
| 3. | |
| 4. | |
| 5. | |

**Ons praat** Vra 4 maats die volgende vrae en maak dan 'n regmerkie (✔) vir ja, of 'n kruisie (✘) vir nee in die korrekte kolom. Vul hul name in die blou ruimtes in. Vertel daarna vir jou maat wie van watter kos hou. Sê dat Anita van melk en lekkers hou.

| Name | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Hou jy van melk? | | | | |
| Hou jy van heuning? | | | | |
| Hou jy van uie? | | | | |
| Hou jy van boontjies? | | | | |
| Hou jy van lekkers? | | | | |
| Hou jy van kool? | | | | |

# 13 Anita skryf vir Nomsa 'n brief

Ons lees

brief



Liewe Nomsa

Jy is my beste maat en dit sal lekker wees as jy Saterdag by my kan kom kuier.

Ons kan met my poppe speel en fietsry.



Ek sal vir ons 'n koek bak en dan kan ons met ons fietse na die parkie by die meer ry.

Ons kan op die swaaie en die mallemeule ry. Daarna kan ons lekker visvang in die meer.

As jy geld saambring, kan ons roomys by die parkie koop.



Ná aandete kan jy by my oorslaap.

Jou maat

Anita









## Ons skryf

Wie het die brief geskryf?

Wat gaan die meisies doen?

Waarheen sal hulle gaan?

Wat sal hulle by die parkie eet?



**WOORDBOKS**

hom

haar


hou

huil

## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| baai | taai | koek | doek |
| laai | raai | soek | boek |
| saai | haai | vloek | hoek |



## Ons skryf

Skryf vyf sinne oor wat jy in al die prentjies sien.





# 14 Dinge wat Nomsa en Anita gaan doen

**Ons gesels** Kyk na hierdie prentjies en vertel vir jou maat wat Nomsa en Anita Saterdag gaan doen. Begin jou sinne met Hulle gaan.

Nommer nou die prentjies in die regte volgorde om te wys wat Anita en Nomsa gaan doen.













**Ons skryf** Skryf een sin oor elke prentjie. Skryf dit in die regte volgorde.

1 ______________________________


2 ______________________________

3 ______________________________

4 ______________________________

5 ______________________________

6 ______________________________




Ons skryf

Vul in a, e, i, o, u of y in om hierdie woorde te voltooi sodat dit by die prentjies pas. Trek daarna 'n streep van die woord na die korrekte prentjie

| |
|---|
| b__s |
| h__rk |
| d__m |
| m__s |
| binneb__nd |
| sn__ |




| |
|---|
| h__k |
| k__rk |
| v__rk |
| v__s |
| b__k |
| b__d |



Ons skryf

Skryf 'n kaartjie om jou maat uit te nooi om by jou huis te kom speel. Teken 'n prentjie voor op die kaartjie. Vul die ontbrekende inligting aan die binnekant van die kaartjie in.

**Jy word uitgenooi om te kom speel**



Liewe: ______

Kom speel op: ______

Datum: ______

My adres is: ______

______

Ons gaan die volgende doen: ______

______

Van: ______






# 15 Anita gaan kuier by Nomsa

Ons gesels

Kyk na die huise in hierdie prentjie. Watter vorms is die huise? Watter kleure is hulle? Lees die storie en sê watter huis Anita s'n is.




Ons lees

Vandag gaan Anita by Nomsa kuier. Sy trek haar baadjie aan en ry met haar nuwe, blou fiets. Hoe gaan sy Anita se huis in Tambostraat kry?

Nomsa se huis is rond. Dit het 'n grasdak. Dit is langs 'n vierkantige huis met 'n groen dak.

Nomsa het 'n klein, bruin bokkie en 'n klein, groen padda. Sy het nie 'n TV in haar huis nie. Sy het nie 'n swaai nie.

Kan jy Anita help om haar huis te kry?

**WOORDBOKS**

hoe
seer
binne-in
sy
syne

**Ons skryf** Kyk na die huise en beantwoord die vrae.


| | |
|---|---|
| Watter huis is Nomsa s'n? | |
| Wat is die straat se naam? | |
| Hoeveel huise is daar in hierdie straat? | |
| Watter huise is aan die linkerkant? | |
| Watter huise is vierkantig? | |
| Watter huise is rond? | |
| Op watter huis is driehoeke geverf? | |
| Watter huis is pienk? | |
| Watter huis het 'n rooi dak? | |
| Watter huis het 'n groot boom? | |
| Watter huis is blou met 'n geel dak? | |
| In watter huis wil jy graag bly? Waarom? | |

**Ons doen** Hoe goed kan jy onthou? Maak die prentjie toe en kyk hoeveel van hierdie vrae jy kan beantwoord.

| | |
|---|---|
| By watter huis hang daar wasgoed op die draad? | |
| Watter huis het 'n boom? | |
| Watter huis het 'n televisie-antenne? | |

**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| hout | woud | oud | goud |
| stout | fout | benoud | bout |
| koud | boud | sout | mout |



# 16 By Anita se huis



Ons praat Vertel vir jou maat wat jy in die prentjie sien. Sê waar alles is.



Ons lees Lees hierdie sinne oor die prentjie. Maak 'n regmerkie (✔) by elke sin wat korrek is en 'n kruisie (✘) as dit verkeerd is.

Daar is 'n blompot op die TV.

Daar is 'n seun op die stoel.

Daar is 'n meisie onder die tafel.

Daar is 'n hond onder die tafel.

Daar is 'n teddiebeer op die stoel.

Daar is boeke op die TV.

Daar is kinders op die tafel.

Daar is prente teen die muur.

Daar is appels in die bak op die tafel.

Daar is katte op die vensterbank.

## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| keel | beet | week | seer |
| eet | vergeet | kweek | geel |
| lees | sweet | steel | meel |



**Onthou ons gebruik**

- 'n hoofletter aan die begin van 'n sin.
- 'n punt (.) aan die einde van 'n sin.

## Ons skryf

Skryf 'n sin oor elke prentjie. Begin elke sin met Daar is.










## Ons doen

Teken 'n vertrek in jou huis.

Skryf nou drie sinne oor jou prentjie. Noem wat jy in hierdie vertrek doen en watter goed in die vertrek is.



# 17 Kom ons maak kos

Ons lees



Vandag wys Anita en Nomsa jou hoe om 'n toebroodjie te maak.

Lees hul resep.



## Hoe om 'n grondboontjiebotter-toebroodjie te maak.

### *Wat het jy nodig?*

2 snye brood

grondboontjiebotter

margarien

'n mes

'n bord



### *Wat moet jy doen?*

1. Smeer margarien op elke sny brood.
2. Smeer 'n bietjie grondboontjiebotter op een sny.
3. Sit die ander sny bo-op neer.
4. Druk dit liggies op mekaar.
5. Sny die toebroodjie in die helfte.
6. Eet jou toebroodjie!



Ons praat — Lees die resep en vul die antwoorde in.

| Wat is die opskrif? |
|---|
| |
| **Wat het jy nodig om hierdie toebroodjie te maak?** (Onthou om kommas tussen die items te plaas.) |
| |
| |
| **Wat is die derde ding wat jy moet doen wanneer jy 'n toebroodjie maak?** |
| |

Ons skryf — Skryf nou jou eie resep.



Hoe om ______________________ te maak.

Wat het jy nodig? __________ __________


__________ __________ __________

Wat moet jy doen?

1. ______________________
2. ______________________
3. ______________________
4. ______________________
5. ______________________

Werk met woorde — Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| sink | wink | siek | klank |
| hink | stink | briek | bedank |
| blink | drink | kriek | mank |



**WOORDBOKS**


tjor
tjank
koer
knor

# 18 'n Besoek aan die biblioteek






**Ons lees** Lees die storie en onderstreep al die werkwoorde.



Vandag het die kinders biblioteek toe gegaan.
Hulle was opgewonde om al die boeke te sien.
Daar was baie soorte boeke.
Daar was storieboeke, boeke oor diere en boeke oor sport.
Die biblioteekonderwyser het vir die kinders 'n storie gelees oor: **Hoe die olifant sy slurp gekry het.**
Dit was 'n opwindende storie. Anita en Karla wou altwee die boek huis toe neem om weer die storie te lees.
Om drie-uur het die kinders elkeen 'n boek uitgeneem en huis toe gegaan.



## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| sjaal | tjoekie | kwyl | twee |
| sjieling | tjop | kwart | twaalf |



## Ons skryf


Lees die storie en kyk na die prentjie. Beantwoord dan hierdie vrae.


| | |
|---|---|
| Op watter datum het die kinders biblioteek toe gegaan? | |
| Watter dag van die week was dit? | |
| Watter storie het die onderwyser vir die kinders gelees? | |
| Hoe laat het die kinders huis toe gegaan? | |
| Watter soorte boeke was daar in die biblioteek? | |
| | |

## Ons doen


Vind uit aan wie hierdie goed behoort.

Hanno | onderwyser | Emma | Karla











## Ons skryf

Kyk nou na die prentjies en werk uit wat aan elke persoon behoort. Vul daarna die naam van die item in en voltooi die sin om te wys aan wie elke item behoort. Lees elke sin hardop.

Hierdie sak is Hanno s'n. Hierdie ________ is Emma __________.

Hierdie _________ is die onderwyser __________.

Hierdie _________ is Karla ___________.

# 19 Ons lees 'n boek




## Ons praat


Kyk na hierdie boek se buiteblad en gesels met jou maat daaroor.


| Wat is die boek se titel? |
| --- |
| |
| **Wie is die skrywer?** |
| |
| **Waaroor handel die boek na jou mening?** |
| |
| |

## Vir die pret

Volg die olifant se roete om te sien waarheen hy op pad was.







## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| bring | groen | kring | drup |
| braai | grys | kruis | droog |
| bruin | gras | krok | drom |

**WOORDBOKS**

storm
lag
laat
lig

## Ons skryf

Voeg 'n afkappingsteken ( ' ) in om te wys aan wie hierdie goed behoort. Lees elke stelling hardop.

Die slurp is die olifant s_n.

Die pen is Jabu s_n.

Die boek is Pieter s_n.

Die stert is die olifant s_n.

Die ore is die hasie s_n.

Die fiets is Anita s_n.

Die slagtand is die olifant s_n.

Die rok is Thandi s_n.

Die huis is Nomsa s_n.



## Ons doen


Skryf byskrifte by hierdie prentjie van 'n olifant. Trek 'n streep van die byskrif tot by die korrekte liggaamsdeel van die olifant. Gebruik 'n liniaal.

slagtand

slurp

oog

oor



vel

rug

been

stert

Wys daarna na die verskillende liggaamsdele van die olifant en vra jou maat om te sê wat dit is.

Sê: Wat is dit?



# 20 Ons lees 'n storie



Ons lees

Lank gelede het olifante plat, ronde neuse gehad, en geen slurpe nie. Hoe het hulle hul slurpe gekry?



Wel, eendag het 'n klein olifantjie wat nuuskierig oor alles was alleen gaan stap.
Hy het 'n lang kameelperd gesien en hom gevra wat sy vel so vol kolle gemaak het. Hy het 'n groot seekoei raakgeloop en haar gevra waarom haar oë rooi is. Hy het 'n leeu gesien en hom gevra waarom hy sulke lang hare het.
Die klein olifantjie het geloop en geloop totdat hy by die rivier gekom het. Hy het 'n krokodil in die rivier sien lê.

Hy het afgebuk en gesê, "Dis amper tyd vir aandete, mnr. Krok. Wat gaan jy vir aandete eet?"

"Kom nader, kleintjie", het die krokodil gesê, "en ek sal fluister." Die klein olifantjie het sy kop naby die krokodil se bek gebring, en die krokodil het hom aan sy klein neusie beetgekry.



"Ek dink vandag gaan ek 'n klein olifantjie vir aandete hê!" het die krokodil gesê. Hy het begin om aan die olifantjie se neus te trek.

"Los my! Jy maak my seer!" het die olifantjie uitgeroep.

Hy het al vier bene gebuig en getrek, en getrek, en getrek. Sy neus het begin rek. Die krokodil het getrek en getrek, en met elke trekslag het die olifant se neus langer geword.


'n Slang het gesien wat gebeur het en het die olifantjie weggetrek. Die krokodil het laat los, en die olifantjie se lang neus het met 'n harde plons in die water geval.





Die olifantjie het na sy lang neus gekyk. Hy het drie dae lank by die rivier gesit en wag dat sy neus korter raak. Maar dit het lank gebly.

Uiteindelik het hy besluit om huis toe te gaan. Terwyl hy geloop het, het hy sy lang neus agtertoe en vorentoe geswaai. Hy het gou uitgevind dat sy neus baie nuttig was. Hy kon dit gebruik om vrugte van die bome te pluk. Hy kon water opsuig en dit oor sy lyf spuit om koel te bly. Hy kon ook lekker hard deur sy neus sing.



By die huis het al die ander olifante na sy lang neus kom kyk. Hulle het gewens dat hulle ook rivier toe kon gaan om hul neuse te laat rek.



Ons praat

Waaroor handel die storie?
Vertel die hele storie vir jou maat.
Wie is die hoofkarakter?
Het jy die storie geniet? Waarom?
Dink jy die storie is waar? Waarom?

# ONS RITS ROND

21

## Ons beplan ons uitstappie



**Ons praat**

Kyk na hierdie prentjie en gesels daaroor.




**Ons lees** Lees die storie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Vandag het ons onderwyser vir ons gesê dat ons op 'n skooluitstappie gaan.

Ons gaan per trein Kaapstad toe. Daarna gaan ons per bus strand toe. Ons gaan per vliegtuig terugkom huis toe.



**Ons praat**

Kyk na hierdie kaart. Plak die plakkers op die regte plekke. Gesels oor die plekke wat op die kaart aangedui word. Wys na die verskillende vorme van vervoer en vertel vir jou maat hoe die kinders van een plek tot by 'n volgende plek sal kom.

**WOORDBOKS**

lank

lui

lewe

luister



# 22 Ons beplan ons uitstappie

**Ons skryf** Lees die storie en kyk na die prentjies. Beantwoord dan hierdie vrae.

| |
|---|
| Wie het vir die kinders vertel dat hulle op 'n skooluitstappie gaan? |
| |
| Wat is die eerste plek wat die kinders gaan besoek? |
| |
| Wanneer gaan die kinders op hierdie uitstappie? |
| |
| Waarom is die kinders bly? |
| |
| Waar sou jy graag wou gaan vakansie hou? |
| |

**Luister en herhaal**



Ons gaan per taxi van die skool na die stasie.


Ons ry per trein na Kaapstad.


Ons ry per bus see toe.

Ons ry per boot na die eiland.

Ons ry met 'n kabelkarretjie teen die berg op.

Ons ry per vliegtuig terug skool toe.






Ons skryf — Kyk na hierdie rooster. Beantwoord dan die vrae.

| Dag | Waarheen gaan hulle? | Watter vervoer gebruik hulle? |
|---|---|---|
| Sondag | Van die skool na die stasie | Taxi |
| Sondag | Van Johannesburg na Kaapstad | Trein |
| Maandag | Van Kaapstad na die strand | Bus |
| Dinsdag | Van die strand na Robbeneiland | Boot |
| Woensdag | Teen die berg op | Kabelkarretjie |
| Donderdag | Kaapstad na Johannesburg | Vliegtuig |
| Donderdag | Lughawe na skool | Gautrein en bus |









Waarheen gaan hulle Donderdag?

Hoe reis hulle op Dinsdag?

Hoe kom hulle bo-op die berg?

Watter 2 vorme van vervoer gebruik hulle Donderdag?


Op watter dag besoek hulle Robbeneiland?

# 23 Ons verken die stad



Ons praat

Kyk na hierdie prentjie en gesels daaroor.




Ons praat

Lees die storie en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Ons doen** Kyk na die plekke in hierdie prentjie. Wat sien jy? Plak plakkers op die korrekte plekke aan die regterkant.

Daar is 'n polisievoertuig by die polisiekantoor.

Daar is 'n ambulans by die hospitaal.

Daar is 'n brandweerwa by die brandweerstasie.

Daar is vliegtuie by die lughawe.

**Ons skryf** Kyk na die prentjie en vul daarna die name in van die plekke waarheen 'n mens in so 'n geval sal gaan.

| | |
|---|---|
| Ek is honger. | |
| My huis brand. | |
| Ek het vervoer nodig. | |
| Iemand het my handsak gesteel. | |
| Ek wil huis toe vlieg. | |
| Ek wil 'n boek hê. | |

**WOORDBOKS**

soek
gemaak
mak
baie


**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| toer | voer | | woel | boek |
| loer | broer | | voel | soek |
| roer | vloer | | koer | hoek |

Kan jy hoor hoe die oe-woorde in die blou bokse langer klink as dié in die pienk bokse?

# 24 Op die strand en op die boot

Kwartaal 2 – Week 2



**Ons praat** Kyk na hierdie prentjie en gesels daaroor.




**Ons lees** Lees die storie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Ons hardloop almal na die boot. Ons gaan Robbeneiland toe. Ons trek die reddingsbaadjies bo-oor ons jasse aan. Die boot trek weg, en ons voel hoe hy op en af skud. Tom voel siek. Arme Tom! Hy is seesiek, maar hy sal gou beter voel as ons weer op vaste grond is.



Op pad sien ons 'n walvis verbydryf. Ons sien 'n paar dolfyne in die water speel. Ons hoop ons sien nie 'n haai nie.

Dan kom ons by die eiland aan. Daar is vreeslik baie pikkewyne op die eiland. Die pikkewyne hardloop rond in die skuim op die strand. Anita sê, "Ek wens ek kan 'n pikkewyn huis toe neem as 'n troeteldier." Ons koop poskaarte om vir ons gesinne te stuur. Nomsa koop 'n poskaart met 'n foto van 'n pikkewyn.



**Ons skryf**


Lees die storie en kyk na die prentjies. Omkring daarna die nommer langs die korrekte antwoord.

| Wie het seesiek gevoel? | |
|---|---|
| 1 | Nomsa |
| 2 | Anita |
| 3 | Tom |

| Watter troeteldier wil Anita hê? | |
|---|---|
| 1 | 'n Pikkewyn |
| 2 | 'n Hond |
| 3 | 'n Kat |

| Hoe het die kinders na die eiland gereis? | |
|---|---|
| 1 | Per boot |
| 2 | Per skip |
| 3 | Per trein |

| Watter diere het hulle op die eiland gesien? | |
|---|---|
| 1 | Haaie |
| 2 | Pikkewyne |
| 3 | Dolfyne |



**Werk met woorde**

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek

| | | | |
|---|---|---|---|
| hout | stout | koud | woud |
| fout | boud | oud | benoud |
| sout | goud | bout | mout |



Ons sê hierdie wanneer iets naby is.



My huis is in hierdie straat.



Ek braai brood met hierdie broodrooster.




Hierdie padda is lekker vet.

Hierdie jas is pers.



Ons sê daardie wanneer dit ver is.



Daardie boot ry vinnig.



Kyk, daardie bok het kolle op sy lyf.



Daardie wit goed is skuim.




Daardie straat is Bikostraat.

# 25 Op die eiland



**Ons skryf** Skryf 'n poskaart vir jou maat om hom of haar van die rit na die eiland te vertel.



Liewe ______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

Van ______________________

______________________
Naam

______________________
Huisnommer en straatnaam

______________________
Plek/Voorstad

______________________
Stad


______________________
Kode

**Ons praat** Wys na dinge in jou klaskamer wat naby en ver is.

As dit naby jou is, sê Hierdie boek is ...

As dit ver van jou af is, sê Daardie venster is ...





## Ons skryf

Plak die korrekte plakker op sy plek en omkring daarna die korrekte woord in elke sin.

**WOORDBOKS**
- mag
- my
- moenie
- moet

Sy is/was nou 'n matroos.


Ek is/was môre tien.

Gister is/was daar 'n pikkewyn in die water.

Laas jaar is/was jy nege.


Daardie dolfyne is/was nou baie honger.

Ons is/was van kleins af maats.



## Vir die pret

Verbind die kolletjies met mekaar om uit te vind wat Karla graag as 'n troeteldier wil hê. Dink jy hierdie dier sal 'n goeie troeteldier wees?



# 26 Berge toe





Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

Ons lees

Lees die brief wat Anita vir haar gesin geskryf het.



Liewe Mamma en Pappa

Vandag is Woensdag. Ons het met 'n kabelkarretjie tot bo-op Tafelberg gery. Ons was baie hoog bo die stad en dit was koud op die berg. Ons kon baie ver sien. Ons kon die see sien.

Daar was vreeslik baie dassies op die berg. Hulle lyk soos klein, vet hasies. Hanno was laf. Hy het probeer om 'n dassie te vang. Hy het nie gekyk wat hy doen nie, toe het hy oor 'n rots geval en sy hand seergemaak. Ons onderwyser het hom na die verpleegster in die noodhulptent geneem. Hy het met 'n groot verband om die hand daar uitgestap. Ons het almal gelag.

Daarna het ons 'n piekniek onder 'n boom gehad. 'n Klein dassie het al Hanno se kos opgeëet. Arme Hanno het niks kos gehad nie.



Met liefde van

Anita

**Ons skryf** Skryf antwoorde op hierdie vrae.

| | |
|---|---|
| Op watter dag het die kinders tot bo-op die berg gery? | |
| | |
| Wat het met Hanno gebeur? | |
| | |
| | |
| Lys 4 dinge wat die kinders gesien het toe hulle op die berg was. | |
| | |
| | |

**Ons skryf** Plak die korrekte plakker op sy plek en omkring daarna die korrekte woord in elke sin.

Hierdie kabelkarretjie is/was gister baie vol.

Die dassies is/was nou baie lus vir ons kos.


Daardie kinders is/was verlede week in Kaapstad.

Tafelberg is/was baie hoog.

# 27 Op die berg

**Ons doen** Doen 'n rolspel om te wys wat met Hanno gebeur het.

Julle het die volgende karakters nodig: Hanno, onderwyser, die verpleegster en 'n dassie.





**Ons skryf** Skryf nou vyf sinne om te verduidelik wat met Hanno gebeur het.

**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke. Skryf die woorde in die korrekte kolom neer. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

vreet | seker | tefie | seep | steek | beker

sepie | teen | beet | beter | weet | beker

| ee-woorde | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

| e-woorde | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

Ons skryf

Omkring die korrekte woord.



Ek is/was op die oomblik in die bus.

Ons is/was gister by die see.

Hy is/was nou op die boot.

Dit is/was 'n groot vliegtuig wat daar vlieg.

Hulle is/was laas week bo-op die berg.

Ons skryf

Gebruik hoofletters en die volgende leestekens in die sinne hieronder: . , ! ?

| |
|---|
| hanno en nomsa het woensdag robbeneiland toe gegaan |
| |
| het jy die uitstappie geniet |
| |
| hanno het brood lekkers aartappelskyfies en appels gekoop |
| |
| sit nou dadelik |
| |
| hierdie boek is anita sn |
| |



**WOORDBOKS**

my

myself

nooit

nuut

Kwartaal 2 – Week 4

# 28 Ons vlieg terug huis toe

Ons praat

Kyk na hierdie prentjie en gesels daaroor.



**Ons lees** Lees die storie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Dit is tyd om huis toe te gaan. Ons is almal baie hartseer. Anita wil huil. Ons gaan na die Kaapstad-lughawe toe. Die vliegtuie lyk groter as huise.

Ons klim die trappe op om in die vliegtuig te kom. Die lugwaardin sê dat ons ons veiligheidsgordels moet vasmaak. Ons voel hoe die vliegtuig opstyg. Ons druk styf teen die sitplekke vas. Ons probeer om ons goed vas te hou.

Daarna bring die lugwaardin vir ons middagete. Thabo voel bang. Ons kyk by die venster uit. Dit voel snaaks om bo die wolke te wees. Alles op die grond lyk so klein.

Dan land ons op die OR Tambo-lughawe. Ons ry met die Gautrein. Dit ry baie vinnig en ons is na 'n paar minute in Johannesburg.

Ek kan nie wag om my familie te sien nie.

**Ons skryf** Beantwoord hierdie vrae.

| |
|---|
| Hoe voel die kinders om terug huis toe te vlieg? |
| |
| Hoe reis hulle van Kaapstad na Johannesburg? |
| |
| Wat sien hulle as hulle deur die vliegtuig se vensters kyk? |
| |

**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| baai | taai | laai | raai |
| saai | haai | kaai | braai |
| kraai | draai | slaai | fraai |




# 29 Ons onthou





Vertel vir jou maat van al die plekke wat die kinders op hul uitstappie besoek het. Gee voor dat jy saamgegaan het. Skryf 'n brief aan jou familie. Vertel vir hulle van die plekke wat julle besoek het en wat julle gesien het. Ons het 'n paar prentjies ingesluit om jou aan die verskillende plekke te herinner.

Liewe









Met liefde van

**WOORDBOKS**

bad

skape

baie

traan

## Ons skryf


Voltooi hierdie woorde sodat hulle by die prentjies pas. Trek daarna 'n streep van die woord na die korrekte prentjie.







vl__g

__uil

spioe__




b__k

afdr__g




sk__m

## Ons skryf

Gebruik hoofletters en die volgende leestekens in die sinne hieronder:

. , ! ?

anita en nomsa wou huil.

het jy al 'n vliegtuig gesien

vir middagete het ek vleis ertjies rys en boontjies gehad

maak jou sitplekgordel vas sam

# 30 Ons maak 'n somerspinnekop

Ons lees 'n gediggie

Kyk na hierdie prentjie en gesels daaroor.

Spinnie Spinnekop klouter teen die
kraan uit.

Die reën stort neer en spoel Spinnie
tot in die spruit.

Die son kom uit sy wegkruipplek en
maak als droog.

En Spinnie Spinnekop klim met nuwe
krag weer hoog.





Ons lees



## Wat weet ons van spinnekoppe?

- Spinnekoppe het 8 pote.
- Die meeste spinnekoppe vang hul prooi deur spinnerakke van sy te bou.

Insekte word in die spinnerak vasgevang en dan eet die spinnekop hulle.

- Soos hulle groter word, verloor hulle hul ou, klein velle en dan groei daar nuwe, groter velle in die plek daarvan.
- Spinnekoppe kan teen mure uit klouter omdat hulle harige kussinkies op hul pote het.



Ons doen

## Hoe om 'n pompon-spinnekop te maak

Instruksies


- Draai wol om twee skyfies karton wat elk 'n groot gat in die middel het.
- Druk vier lang pypborseltjies deur die middel om die pote te vorm.
- Knip die wol aan die buitekant en bind die pompon styf tussen die skyfies vas.
- Haal die karton uit en pof die pompon uit.
- Buig die pypborseltjies om soos dun pote te lyk.
- Plak twee oë op. Jy sal dit op die knipselblaaie aantref.






# ONS LEER VAN TYD

## 31 Hoe laat?





Ons praat

Kyk na die Twala-gesin se dagbeplanner en gesels oor wat elke lid van die gesin doen.



**Dagbeplanner vir die Twala-gesin**

| Tyd | Mnr. Twala | Mev. Twala | Nomsa | Baba |
|---|---|---|---|---|
| 06:00 | Staan op | Staan op | Staan op | |
| 07:00 | Gaan werk toe | Gaan werk toe | Gaan skool toe | |
| 08:00 | | | In die klas | Staan op |
| 09:00 | | | | Gaan skool toe |
| 10:00 | | | Eerste pouse | Speel |
| 11:00 | | | | Speel |
| 12:00 | | | | |
| 13:00 | Middagete | Middagete | Middagete | Middagete |
| 14:00 | | | Sport | Slaap |
| 15:00 | Teetyd | Teetyd | Gaan huis toe | Speel |
| 16:00 | | Klaar gewerk | Doen tuiswerk | Speel |
| 17:00 | Klaar gewerk | Kosmaak | Kyk TV | Kyk TV |
| 18:00 | Eet | Eet | Eet | Eet |
| 19:00 | Was skottelgoed | Lees 'n boek<br>Was | Was skottelgoed | Slaap |
| 20:00 | Kyk TV | Kyk TV | Bad en slaap | |



**Ons praat**

Kies 'n maat. Vra dan hierdie vrae vir mekaar en beantwoord dit.

**WOORDBOKS**

ou

op

oop




| |
|---|
| Hoe laat staan Nomsa se pa op? |
| |
| Hoe laat gaan Nomsa skool toe? |
| |
| Wat doen Nomsa om 14:00? |
| |
| Wat doen Nomsa se ma om 16:00? |
| |
| Wat doen Nomsa om 16:00? |
| |
| Hoe laat gaan slaap die baba? |
| |
| Op watter tye het Nomsa vrye tyd? |
| |

# 32 Ons leer van tyd





Ons skryf Vul nou jou eie rooster in.

| Tyd | Wat ek doen |
|---|---|
| 06:00 | |
| 07:00 | |
| 08:00 | |
| 09:00 | |
| 10:00 | |
| 11:00 | |
| 12:00 | |
| 13:00 | |
| 14:00 | |
| 15:00 | |
| 16:00 | |
| 17:00 | |
| 18:00 | |
| 19:00 | |
| 20:00 | |



Ons praat Sê vir jou maat:

Ek staan ________________ op.

Ek gaan ________________ skool toe.





Ons skryf

Plak 'n plakker in die korrekte volgorde vir elke dag van die week. Teken dan 'n prentjie om te wys wat jy elke dag van die week doen. Vertel vir jou maat wat jy elke dag doen. Sê byvoorbeeld vir jou maat, "Saterdag speel ek sokker."


Maandag | Woensdag | Dinsdag | Vrydag | Donderdag | Saterdag

# MY WEEKBEPLANNER

Sondag

Ons skryf

Skryf nou sinne oor wat jy op enige drie van die dae doen.



# 33 Seisoene en weer

## Herfs



Maart
April
Mei

## Somer

Desember
Januarie
Februarie





## Winter

Junie
Julie
Augustus



## Lente

September
Oktober
November

Ons skryf

Kyk na hierdie prentjie en beantwoord dan die volgende vrae.



Watter maande is somermaande?

In watter maande is dit baie koud?

In watter seisoen begin die plante blom?

In watter maand is jou verjaarsdag?

In watter seisoen is jou verjaarsdag?

**WOORDBOKS**

een

eners

eina

Ons loop en praat

Vind uit in watter seisoene jou maats se verjaarsdae val. Vul hul name onder die korrekte seisoen in. Vra hulle: In watter maand is jou verjaarsdag? Werk dan uit in watter seisoen sy of haar verjaarsdag val.

Somer

Herfs

Winter

Lente

# 34 Op Saterdag in Julie

Wanneer gebruik ons die voorsetsels in en op?
Ons gebruik dit vir 'n tydperk en vir dae en datums.

**Ons skryf** Skryf in of op.

| in | op |
|---|---|
| My verjaarsdag is ________ Julie. | Tom se verjaarsdag is ________ Saterdag. |
| Ons swem ________ Desember. | Ons gaan kerk toe ________ Sondag. |
| Ons swem ________ die somer. | Ons speel sokker ________ Dinsdag. |
| Blare val ________ die herfs. | Ons het kuns ________ Maandag. |

**Ons skryf** Vul in hierdie of daardie.



________ kat is myne.



________ rok is hare.



Dit is die maan________.



_______ kar is my onderwyser s'n.

**Ons skryf** Gee die meervoud van die onderstreepte woorde.



Hierdie twee <u>kat</u> is myne.

Hierdie <u>skoen</u> is te klein.

Daardie blink goed is <u>ster</u>.

Daar staan twee <u>kar</u>.

**Ons skryf** Skryf jou eie sinne wat met die volgende woorde begin.


| |
|---|
| Op Sondag |
| Elke Woensdag |
| Vrydag |
| Ek verjaar |

**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| klaar | blaar | twee | twak |
| jaar | maar | twaalf | twis |
| maak | saak | twintig | twyfel |



# 35 Ons lees 'n weerkaart



**Ons praat** Kyk na die kaart. Plak jou plakkers op die kaart. Wys dan na die verskillende soorte weer en gesels met jou maat daaroor.





Sê watter soort weer elke plek het.


Dit reën in ...

Dit is sonnig ...

Waar woon jy?

Watter tipe weer het jy?





Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.
Skryf jou antwoorde in die tabel.



| |
|---|
| Waar reën dit? |
| |
| Waar skyn die son? |
| |
| Waar is dit gedeeltelik bewolk? |
| |
| Waar waai die wind? |
| |
| Waar kom daar donderstorms voor? |
| |
| Waar sneeu dit? |
| |

**WOORDBOKS**

oop
of
soek
fout




Ons doen

Teken 'n prentjie van die weer waarvan jy die meeste hou. Wys jou prentjie vir jou maat. Skryf 3 sinne oor waarom jy van hierdie soort weer hou.









# 36 Ná die storm

**Ons praat** Nommer die prentjies in die korrekte volgorde. Verbeel jou dan jy is die kind in hierdie prentjies. Vertel vir jou maat wat in elke prentjie gebeur.













**Ons doen** Doen 'n rolspel oor dit wat jy in elkeen van die prentjies gedoen het.

**Ons skryf** Skryf nou in jou dagboek oor wat met jou in elke prentjie gebeur het.

Liewe Dagboek Datum ____________

1 ______________________________

______________________________

2 ______________________________

______________________________

3 ______________________________

______________________________

4 ______________________________

______________________________



Ons skryf

Kyk na die prentjie en omkring die korrekte woorde.



Daar is/was een onderwyser in die klas.

Daar is 'n bord voor/agter in die klas.

Daar is vier seuns/meisies in die klas.

Daar is drie banke/beddens in die klas.

Daar is/was een meisie in die klas.

Daar is vier sakke/fietse in die klas.

Gister is/was daar een kat in die klas.

Daar is twee vensters/deure in die klas.

Laas week is/was daar 'n meisie in die klas.

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| babatjie | skapie | kassie | dankie |
| Jannie | karretjie | hasie | kappie |
| kalfie | teddie | Klaas Vakie | bakkie |



# 37 Planttyd

Ons praat

Kyk na hierdie prentjies en die koerantopskrif hieronder, en gesels daaroor.



Ons lees

Lees die storie en beantwoord daarna die vrae wat daarop volg.

## Kleuternuus

### Laerskool Wilgeheuwel GROEI

Julie2012

Kinders by die Laerskool Wilgeheuwel kweek groente in hul skooltuin. Die skoolhoof, mev Tessa, sê dat die kinders baie oor die kweek van groente geleer het.

Hulle weet dat alle plante goeie grond, baie water, lug en sonlig nodig het om te groei.

Die kinders gooi elke dag hul groentetuin nat.

In die somer is daar baie onkruid. Daarom moet die kinders elke week die onkruid uittrek.



Die kinders het hul groente in die lente geplant. Dit het baie gereën, dus het hulle volop wonderlike, vars groente. Elke week neem die kinders hul groente huis toe sodat hul gesinne dit kan gebruik.

Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.
Skryf jou antwoorde in die tabel.



| |
|---|
| Wat is die koerant se naam? |
| |
| Wat is die opskrif? |
| |
| Waaroor handel die storie? |
| |
| Wat het plante nodig om te groei? |
| |

Ons skryf

Skryf vyf sinne oor die prentjie.



**WOORDBOKS**

ouer

oupa

pluk

plak

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne. Skryf die sinne in jou oefeningboek.

| | |
|---|---|
| trein | klein |
| brein | klei |
| drein | vlei |



| | |
|---|---|
| pyn | fyn |
| sny | kry |
| bly | wyn |

# 38 Ons plant groente in die lente






**Ons doen**

Vertel vir jou maat wat plante nodig het om te kan groei. Trek 'n streep van die sonneblom tot by die korrekte plantgedeelte. Gebruik nou jou plakkers om te wys wat plante moet hê om te kan groei.




blare



stingel

water

blomblare




wortels

sonlig

blom



grond




**Ons skryf**

Kyk na die tabel hieronder. Wat eet hierdie kinders graag? Skryf jou eie naam heel onder in, en maak 'n regmerkie langs die dinge wat jy graag eet.




| Naam | boontjies | appels | mielies | pampoen | spinasie | aartappels |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Emma | ✔ | ✔ | | | | ✔ |
| Wihan | | ✔ | ✔ | ✔ | | ✔ |
| Karla | | ✔ | | | | ✔ |
| Hanno | ✔ | | | ✔ | ✔ | |
| Tom | | ✔ | | | | |
| Skryf jou eie naam hier. | | | | | | |



**Ons praat**


Vertel vir jou maat wat hierdie kinders graag eet, en van watter kossoorte hulle nie hou nie.



Sê: Wihan hou van appels, mielies, pampoen en aartappels.

Hy hou niks van boontjies en spinasie nie.






**Ons skryf**

Skryf neer wat drie van die kinders graag eet. Onthou om die komma te gebruik om die lys woorde van mekaar te skei.








**Ons skryf**

Skryf neer waarvan drie van die kinders niks hou nie. Onthou om die komma te gebruik om die lys woorde van mekaar te skei.





# 39 Baie dankie

Ons doen

Skryf 'n dankiesê-kaartjie vir jou onderwyser omdat hy/sy jou so mooi geleer het. Baie dankie, Onderwyser!



**WOORDBOKS**

- plaas
- pret
- punt
- poel








## SERTIFIKAAT

**vir die voltooiing**

**van Afrikaans Eerste Addisionele Taal Boek 1**
**Graad 3**

Toegeken aan: ______________________________

Datum ______________ Onderwyser ______________________

A a

B b

C c

D d

E e

F f

G g

H h

I i

J j

K k

L l

M m

S s

N n

T t

O o

U u

P p

V v

Q q

W w

R r

X-Z x-z


Page 5






Page 8






Page 9






Page 47






Page 12




Page 43



Page 51














Page 53












Page 61







Page 70















Page 76





